

12 Januarie

Hebreërs 6:13-20

(Teks 6:19,20)

Ons hoop gee dryfkrag vir ons lewe

Het jy ook al gevoel: Ek wil graag soveel meer vir die Here doen! Meer as wat ek nou doen. Maar ek kom nie hierby uit nie. Hoekom nie? Miskien sê jy: Ek is te besig en ek kom nie eers by my gesin uit nie. Wat leer ons uit die boek Hebreërs hieroor? Die Hebreërs was mense wat die Bybel goed geken het. As nuwe Christene was hulle aan die begin baie ywerig. Maar geleidelik het hulle verslap. Wat het dan gebeur? Hulle hoop het swak geword.

Wanneer jou hoop swakker word, doen jy al minder liefdesdade, besoek jy ander nie meer so dikwels nie en bid jy nie meer so volhardend nie. Jy doen al minder vir die Here. En dit alles omdat jou hoop swakker geword het.

Nou wat is hoop?

Hoop is om seker te wees jy gaan 'n bestemming bereik. Soos 'n rotsklimmer wat sy ankertou hoog teen die boonste rots geanker het. Die skrywer aan die Hebreërs sê in 6:19: "*Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker wat agter die voorhangsel vas is.*"

Christus neem my lewensanker saam met Hom in die hemel in en anker my lewe in die allerheiligste, in die binnekamer van God. Daar is my lewe vas en seker.

Wie herontdek waar jy verseker sal kom, sal 'n geweldige verandering in sy/haar lewe ervaar: jy gaan groter dryfkrag kry.

Hoop gee veral dryfkrag. 'n Jong boer wat weet sy pa bemaak die plaas aan hom, sal beslis baie hard op die plaas werk. Hy sal elke môre, met 'n lied in sy hart, vroeg opstaan en werk, want alles gaan syne word. So sal die groeiende besef van wat ek gaan kry my inspireer om met ywer vir die Here te lewe en te werk. Want hoop gee dryfkrag in ons lewe!

Sing Psalm 73:10

Dr. B J. de Klerk (Potchefstroom-Noord)